# Nuwe Voorsitter ten gunste van Desentralisasie

„LAAT ONS MET KRAG bou aan die gebou van ons studentelewe," was die versoek wat die nuwe voorsitter van die Studenteraad, mnr. J. S. du Plooy, in sy intreerede aan die massa gerig het.

Mnr. Du Plooy het die massa voorgestel as die basis waaruit die Studenteraad as 'n piramide uitkristalliseer en verklaar dat as die fondament nie stewig is nie, die piramide self ook sal wankel.

Hiermee het hy die steun van die massa gevra vir die werksaamhede van die Studenteraad. Hy het gestel dat die massa en sy leiers nie los van mekaar moet lewe nie. Dan alleen kan die studentegemeenskap getrou wees aan sy Alma Mater.

### VERVLAKKING

Hy het voorts die hoop uitgespreek dat die tendens van vervlakking nog nie deurgewerk het tot die studentegemeenskap nie en 'n beroep gedoen om sodanige invloede teen te werk. Dit kan gedoen word as die massa nie net belangstel in die sensasionele in die studentelewe nie maar ook in die fundamentele aangesien die mens alleen waarlik vry kan wees as hy hom onderwerp aan gesag—die gesag van die Woord van God. Die student moet die leuse van die Alma Mater uitleef en hierdie invloed laat deurwerk tot in die breë massa.

Verder het mnr. Du Plooy duidelik te kenne gegee dat hy 'n voorstander is van algehele desentralisasie in die studentelewe. Op die oomblik is die studentelewe slegs teoreties gedesentraliseer maar die studentelewe self gaan mank aan inisiatief.

Hy het aspirant leiers aangeraai om te spesialiseer in een rigting van die studentelewe en slegs 'n algemene belangstelling op die ander terreine te toon. Dan alleen kan die studentelewe goed georganiseerd en lewenskragtig voortgaan.

Ten slotte het die nuwe voorsitter 'n beroep gedoen om „ons studentelewe wat nog in sy kinderskoene staan vergeleke by die buitelandse universiteite" te bou deur te werk—nie net die S.R.-lede nie maar die hele massa.


**UNIE-BAKKERYE**

— Bakkers en Banketbakkers —

BROOD, KOEK EN PASTEITJIES
vir alle geleenthede

★

Spesialiseer in
TROU-, VERJAARDAG- EN DOOPKOEKE

Fabrieke te Potch. en Klerksdorp


## Erina van der Walt

Mej. Erina van der Walt, derdejaar B.A.-student, is vanjaar as damesverteenwoordiger op die Studenteraad gekies.

Reeds op skool het Erina op alle gebiede uitgeblink. Sy was nie alleen hoofmeisie van Paul Kruger Hoërskool te Steynsburg nie, maar vir twee jaar het sy pryse gekry as beste meisie op sportgebied van daardie skool.

Hierdie jaar was Erina as derdejaar op die dameshuiskomitee—voorwaar 'n onderskeiding.

Erina word sterkte toegewens en ons weet dat sy die dames se belange na die beste van haar vermoë op haar hart sal dra.



Mej. Erina van der Walt.

## Frans du Bruyn Sekretaris

**Mnr. F. R. P. de Bruyn het Woensdag 'n rekord opgestel wat seker nie maklik geëwenaar sal word nie: Hy is vir die vierde agtereenvolgende jaar gekies om te dien op die sekretariaat van die Studenteraad.**

**In 1959 het hy geskiedenis gemaak deur in die begin van sy derde jaar tydens 'n tussenverkiesing as ondersekretaris van die S.R. verkies te word. Hierna het hy elke jaar gedien as sekretaris van die S.R.**

**Mnr. De Bruyn het op die plaaslike Gimnasiumhoërskool sy matriek behaal en is in 1957 na die Puk. In 1959 het hy sy B.A.-graad behaal en is tans 'n vyfdejaarstudent aan die Teologiese Skool.**

**Mnr. de Bruyn het reeds gedien op die besture van die A.S.B. en Alabama en was ook S.R.-verteenwoordiger op toere.**

**In hierdie stadium is mnr. De Bruyn 'n outoriteit op die gebied van die Studenteraad se sekretariaatwerk.**



F. R. P. de Bruyn.

## NIC SWART HERKIES



Nic Swart.

Mnr. Nic Swart, die penningmeester van die S.R., is een van Studenteraadslede wat vanjaar herkies is. Op alle gebiede het hy dan ook sy slag reeds gewys.

In 1958 het hy matriek geslaag met 'n eersteklas aan die Hoërskool Gobabis. In die volgende jaar maak hy sy opwagting op die Puk, waar hy hom laat inskryf het vir die B.Comm-graad.


Die spore wat mnr. Swart op die Puk getrap het, is duidelik sigbaar. In sy tweede jaar was hy reeds op die redaksie van Die Wapad en aan die einde van daardie jaar word hy dan ook vir die eerste keer verkies op die S.R.

Tans is hy besig met sy finale jaar. Op die oomblik is hy ook redakteur vir handelswetenskappe vir Die Besembos, penningmeester van Die Wapad en voorsitter van die ekonomiese vereniging.

## Frik van Deventer

Mnr. Frik van Deventer, die pasverkose ondersekretaris van die Studenteraad, is een van die nuwelinge wat vanjaar toegetree het tot die Studenteraad en ook die enigste lid van die Dagbestuur wat vanjaar vir die eerste keer op die Studenteraad is.

Hoewel nog jonk in jare, is hy beslis geen nuweling in die studentelewe van die P.U. nie. Mnr. Van Deventer se debuut het hy gemaak kort na sy aankoms op die Puk, toe hy op die Konsertkomitee van die eerstejaars verkies is.



Frik van Deventer.

### PIEKNIEK

In sy tweede jaar was hy op die komitee van die tweejaars se jaarlikse piekniek moes reël. Hy dien ook reeds twee jaar op die redaksies van sowel Die Wapad as Die Pukkie. Vanjaar het hy ook sy slag gewys met die dirigeerstok as die Puk se onderdirigent.

Mnr. Van Deventer het egter nie net sy spore duidelik op die Puk agtergelaat nie, maar het duidelike merke agtergelaat aan die Afrikaans Hoër Seunsskool waar hy in 1958 gematrikuleer het. Onder meer was hy assistent-hoofprefek en het ook op die redaksie van verskeie publikasies gedien sowel as op die debatsvereniging en gespeel in die eerste rugbyspan.

As student het hy ook reeds uitgeblink. Aan die einde van die jaar sal hy die graad B.A. voltooi ter voorbereiding van die latere Teologiese studie. Aanstaande jaar gaan hy egter eers voort met 'n honneursstudie in Maatskaplike Sorg.

## Kotie De Jager Ondervoorsitter

Na twee jaar van toegewyde diens in die Studenteraad en aan die studentelewe, is mnr. Kotie de Jager Dinsdagoggend verkies tot ondervoorsitter van die S.R. vir die komende termyn.

Mnr. De Jager is op 11 Junie 1939 in Bloemfontein gebore en het sy hoërskoolopleiding op Ladybrand ontvang. Hier was hy lid van sy skool se prefektekomitee. In 1956 het hy gematrikuleer en het 'n eerste klas behaal.

In 1957 is mnr. De Jager na die P.U. vir C.H.O. en in 1959 het hy sy B.A.-graad behaal met Grieks en Hebreeus as hoofvakke. Hierna is hy na die Teologiese Skool waar hy hoop om sy studies in 1963 te voltooi.

### ATLEET

Aan die einde van sy derde jaar is mnr. De Jager as S.S.B.-voorsitter verkies en is ook vanaf die liggaam na die S.R. In hierdie hoedanigheid het hy vanjaar ook op die S.R. gedien.

Kotie, 'n uitstaande atleet, het Wes-Transvaalse kleure en ook Pukerekleure in atletiek verwerf.

Vanjaar het hy bekendheid verwerf as reispa en Studenteraadsverteenwoordiger van Alabama tydens hul Julietoer.



J. J. de Jager.





Die voorsitters van die twee toerende liggame — mnre. P. A. Venter (Thalia, links) en Naas Raubenheimer (Alabama).




*„Aitsa!"*

*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 177 — Telefoon 1
POTCHEFSTROOM

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG" . . .*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN" . . .*

*Besoek*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

*Allerlei*

★ WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP TAMATIESAP en KOEJAWELSAP in bottels en blikkies

Posbus 171—Kerkstraat 122 — Tel. Nrs.: 12 & 2582

**ONDERSTEUN STAATMAKERS!**

APTEKERS

**J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

# VOLLEDIGE VERKIESINGS UITSLAE

## A.S.B.

Voors.: D. A. S. Herbst.
O/voors.: J. D. Roode.
Sekr.: N. P. Badenhorst.
Org.: R. J. P. du Plessis.
Pgm.: F. A. de Villiers.
Mans add.: P. P. Kruger, J. J. Venter, F. J. van Deventer, P. J. J. S. Potgieter.
Dames add.: Mejj. B. A. Geertsema, H. le Roux.

## KORPS

Voors.: P. W. Bingle.
O/voors.: W. J. van der Merwe.
Sekr.: J. J. Venter.
Org.: A. L. Coetzer.
Pgm.: B. C. Lessing.
Mans add.: P. P. Kruger, J. F. Welding, H. B. van der Walt, P. J. J. S. Potgieter.
Dames add.: B. A. Geertsema, S. van der Walt.



P. W. Bingle.

## S.S.B.

Voors.: P. W. Steinberg.
O/voors.: J. Ras.
Sekr.: L. Croeser.
Pgm.: F. Oosthuizen.
Add. lede: D. G. C. du Plessis, W. Froneman, D. Maree, J. S. J. van Vuuren, A. S. Greeff, W. Putter, P. Goosen, J. Hattingh, mej. S. Kruger, mej. M. Bingle.



Piet Steinberg.

## VOLKSPELE

Voors.: H. B. van der Walt.
Leidster: Mej. H. le Roux.
Sekr.: T. Vorster.
Pgm.: K. Heystek.
Add.: Mej. S. Kruger, P. W. Bingle.

## ALABAMA

Voors.: I. van W. Raubenheimer.
O/voors.: D. D. Malan.
Sekr.: P. W. Vorster.
Pgm.: N. Enslin.
Add.: Mej. A. B. de Kock, A. Fourie.

## THALIA

Voors.: P. A. Venter.
O/voors.: J. Ras.
Sekr.: G. Aucamp.
Pgm.: F. du Plessis.
Add.: Mejj. E. van der Walt, L. Strydom en mnr. C. König.



W. J. van der Merwe.

## SKAAK

Voors.: J. F. Welding.
O/Voors.: A. Coetzee.
Sekr.: H. Messerschmidt.
Pgm.: L. A. van Wyk.

## ATLETIEK

Voors.: Prof. D. P. J. Smith.
O/voors.: G. J. L. Scholtz.
Kapt.: J. Hattingh.
O/kapt.: P. R. Botha.
Sekr.: W. le Roux.
Pgm.: Mej. A. de Kock.
Add.: Mej. G. E. Bester, H. Joubert.

## A.B.K.K.

Voors.: P. A. Venter.
O/voors.: J. Ras.
Sekr.: Mej. A. Venter.
Pgm.: N. Raubenheimer.



H. B. van der Walt.

## DEBAT

Voors.: J. H. Boneschans.
O/voors.: J. Ras.
Sekr.: Mej. A. Venter.
Add.: Mej. M. Viljoen, P. P. Kruger.



J. H. Boneschans.

## RUGBY

Pres.: Mnr. S. du Toit.
Voors.: Prof. dr. I. J. van H. Fourie.
O/voors.: H. van Zyl.
Kapt.: P. W. Steinberg.
O/kapt.: C. F. Grundlingh.
Sekr.: P. F. van der Schyff.
Pgm.: J. Serfontein.
Add.: J. Hattingh.

## SWEM

Kapt.: L. Croeser.
O/kapt.: Mej. W. Bekker.
Sekr.: N. Enslin.
Pgm.: Mej. L. Strydom.
Add.: Mej. N. Smith, P. G. Venter.

## KORFBAL

Kapteine: Mej. S. Kruger.
O/kapt.: Mej. B. A. Geertsema.
Sekr.: Mej. S. van der Walt.
Pgm.: Mej. B. Bingle.
Add.: Mejj. M. Coetzee, C. van Wyk.

## MANSHOKKIE

Kapt.: J. L. Ras.
O/kapt.: L. M. du Plessis.
Sekr.: D. J. Meyer.
Pgm.: C. P. Forbes.
Add.: B. C. Strydom.

## KRIEKET

Kapt.: W. D. Froneman.
O Kapt.: A. Richards.
Sekr.: A. G. de Wet.
Pgm.: C. Putter.
Add.: S. J. du Plessis.

## TAFELTENNIS

Kapt.: S. J. D. Oosthuizen.
Kapteine: Mej. F. Coetzee.
Sekr.: A. Venter.
Pgm.: P. A. Marais.
Add.: M. A. Aucamp, Mej. H. C. Pretorius.

## BOFBAL

Kapt.: D. Maree.
O/kapt.: P. W. Steinberg.
Sekr.: J. Smith.
Pgm.: B. Eras.
Add.: H. A. V. Louw.

## JUDO

Kapt.: A. S. Greeff.
O/kapt.: W. A. van Aarde.
Sekr.: P. G. Olivier.
Add.: J. Neethling, L. Coetzee.

## GIMNASTIEK

Voors.: W. J. Putter.
O/Voors.: G. Oberholzer.
O/kapt.: Mej. G. Bester.
Sekr./pgm.: G. J. L. Scholtz.
Add.: Mej. W. Bekker, mej. N. Smith, P. W. Vorster.

## STOEI

Kapt.: P. Goosen.
O/kapt.: W. D. Jonker.
Sekr.: G. Schulze.
Pgm.: G. D. van Schalkwyk.
Add.: A. P. Jordaan.

## TENNIS

Kapt.: D. G. C. du Plessis.
O/kapt.: Mej. E. A. Coetzee.
Sekr.: P. J. van der Walt.
Pgm.: W. Vorster.
Add.: Mej. A. M. Venter, mej. A. B. de Kock, D. H. Oosthuizen.



Dawie du Plessis.

## DAMESHOKKIE

Kapteine: Mej. M. Bingle.
O/Kapt.: Mej. M. Sphör.
Sekr.: Mej. G. C. van der Merwe.
Pgm.: Mej. E. Lessing.
Add.: Mejj. D. Venter, H. Martins.

## JUKSKEI

Kapt.: J. S. J. van Vuuren.
O/kapt.: C. J. E. Fleischman.
Sekr.: J. S. P. van der Walt.
Pgm.: J. F. Meintjies.
Add.: Mej. A. H. J. Steyn.


Probeer ons eerste vir

AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN ANDER BENODIGDHEDE

OPEN 'N REKENING BY

AJAX

Boeke en Skryfbehoeftes

KERKSTRAAT 159 TELEFOON 3458



Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!

*Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!*

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.






SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER

Grant 345/5877-2A



Trap vas met Dixi . . .

Dixi-Cola

Potch. Mineral Waters (Pty.) Ltd.

SHERR & SHAKINOVSKY

FOON 16 en 1144 POSBUS 134

die Wapad

# Die Wapad

MET hierdie uitgawe van Die Wapad lê die redaksie en administrasie die tuig neer. 'n Nuwe redakteur neem nou die leisels oor.

Die belangrikheid en die funksie van 'n studentekoerant aan 'n universiteit behoef geen betoog nie. 'n Koerant is nie alleen die weerspieëling van gebeure nie maar is ook die spreekbuis van 'n studentegemeenskap.

Die mag van die geskrewe woord is in ons tyd een van die kragtigste wapens in die hande van die hanteerder: dit kan massas opsweep tot raserny, dit kas massas dwing tot kalmte en beheersde denke.

Laasgenoemde is in ons tyd hoofsaak: kalmte, beheersheid, nugterheid en logiese denke. Dat 'n studentekoerant hiertoe 'n bydrae kan lewer, is voorwaar lofwaardig.

Ook is dit die taak van die studentekoerant om die oortuigings van sy verteenwoordigende groep met erns en mag uit te dra. So is Die Wapad die kragtigste spreekbuis van die P.U. vir C.H.O. op interuniversitêre terrein.

Nou is die lewe van 'n student een van kóm en gáan. Daarom dan gaan 'n ou redakteur en kom 'n nuwe.

### DANKBAAR

'n Woord van hartlike dank aan almal wat Die Wapad van 1961 moontlik gemaak het. Elke redaksie- en administrasielid verdien lof vir werk en toegewydheid aan 'n taak wat veel opoffering verg en baie tyd in beslag neem.

Aan die adverteerders in Die Wapad—baie dankie. Sonder u steun sou Die Wapad nooit kon verskyn nie. Aan die drukkers, Enslins, en al die hande daar wat die koerant deur sy geboortepyne help—opregte dank.

In besonder dank aan mnr. Dewald Roode vir sy groot werk en toegewydheid. Sterkte en welslae op die pad wat voorlê.

Ten slotte dank aan die lesers — die studentegemeenskap hoofsaaklik — vir kritiek én waardering. Albei het voortgestu—kritiek tot ondersoek; waardering tot 'n strewe om beter te lewer.

● . . . Die skrywer van „Redaksioneel" groet u vir oulaas . . .—(D.H.)

# Vas en suiwer

WANNEER mense gedagtes wissel oor beginselsake—en gelukkig is ons jong beskawing nog so lewenskragtig en so weinig in blote formalisme verstrak dat mense geredelik gewillig is om dit te doen—en veral wanneer hulle met mekaar begin verskil, word meermale die min of meer ongelukkige onderskeid getref tussen aan die een kant standvastigheid en aan die ander kant suiwerheid.

Asof die twee werklik met mekaar in teenspraak behoort te wees!

„Man, jy skipper met beginsels," sal die standvastige sy vriend in die hitte van 'n argument toevoeg. „Jy moet vasskop. Jy moenie kopgee nie."

### BEGINSELS

„Nee," sal sy vriend dan moontlik antwoord, "jy verwar koppigheid met standvastigheid. Jy moet sorg dat jou beginsels suiwer is. Of hulle kan standhou, is hier nie ter sprake nie!"

Hoewel die twee miskien nie daarvan bewus is nie, het elkeen tog 'n flenter van die waarheid beet. Standvastigheid sonder meer is geen besondere deug nie. Elke steeks esel besit dit in hoë mate.

Suiwerheid van beginsel sonder standvastigheid aan die ander kant kan ook 'n baie yl en onrealistiese standpunt wees—die soort wat elke Bolandse appelkoosboer jou elke vroeë someroggend ná 'n kwaai suidoostewind onder sy bome kan aanwys! Waaroor die stryd nou ookal gaan, lyk dit daarom goed dat iedereen voordat hy besluit om vas te skop en nie kop te gee nie, sy beginsels baie koel en baie krities ondersoek.

En ewe so dat iedereen wat prys stel op die suiwerheid van sy standpunt wel voldoende rekenskap gee van die werklikheid — rekenskap nie in die sin dat hy gewillig moet wees om 'n kompromis aan te gaan nie, maar of sy beginsels sodanig is dat hulle ook sal standhou as die boom deur die versengende suidoos aangegryp en sy takke in wilde wringverwildering geskud, geslaan en verflenter word.

So is dit ook binne ons studentelewe. Die beitel van kritiek kerf gedurig aan die klipkop van die student en die studentelewe.

Oor die meriete hiervan egter slegs 'n doodse swye. 'n Stom en ligte hamertjie sig immers min genoeg skade aan—net so skynbaar skerpe kritiek uit klaarblyklik gewigtige oord. Beterwetende natore en beminlike teepraatjies sal daar altyd wees; want ook die lediges smag na iets om die skyn van arbeidsaamheid te bewaar.

### KOM—EN GAAN

Kritiek sal steeds kom—en gaan.

Ons studentelewe is 'n jong lootjie, pas uit die grond maar met die hemel oop na bo. Onbeteuelde groei voer die lewenskrag op dwaalweë—en daarom dan die noodsaaklikheid van die snoeiskêr, die ware kritiek. Oordrewe

(Vervolg in kolom 4)

(Vervolg van vorige kolom)

en onnodige knippery tap weer die lewenskrag — en daarom dan mag Jonas met sy stomp mes geen toenadering tot hierdie boompie soek nie. Kritiek moet en sal steeds kom—maar slegs die ware mag bly.

### KRITIEK

Kritiek moet egter nie net kom nie—dit moet ook gehaal word. Selfkritiek is by uitstek noodsaaklik.

Vir die beoefening van kritiek is die student by uitnemendheid aangelê. Weinig is daar wat nie vroeër of later die voorreg smaak om onder sy rasper deur te loop nie. Kritiek mag egter nie net gegee word nie. Hierdie karakteristieke gawe van die student moet ook so af en toe tot homself kom.

Die ideale standpunt—ook vir ons studentelewe — lyk daarom dié van 'n standvastigheid wat onverbiddelik in suiwerheid veranker is.

● Mag dit so met ons studentelewe wees.

# In U Lig

DIE MENS IS MAAR ALTYD baie bedrewe in die kuns om verontskuldiginge te maak. Dit het Adam en Eva staan 'n kind nie die kuns om die skuld op ander te werp nie! En hierdie vrywaring van die self kom ook menigvuldig voor in die lewe van volwasse mense.

En wie homself verontskuldig, weet gewoonlik wie die skuld gewyt moet word. Adam het die vinger na Eva gewys, en Eva na die slang. So kom mens dan van verontskuldiging van jouself tot veroordeling van 'n ander.

Teen hierdie sonde waarsku Paulus in die gedeelte uit Rom 2, en met name in ons teksvers.

### AFGODERY

Paulus skrywe „die geroepe heiliges wat in Rome is". In h. 1 : 18-32 handel hy oor die afgodery en verdorwenheid van die heidene, wat egter geen verskoning vir hulle goddeloosheid het nie, „omdat wat van God geken kan word, in hulle geopenbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar." In hoofstuk 2 kom daar egter 'n skielike wending in Paulus se betoog, en spreek hy nou oor diegene wat hulself nie tot die goddeloses van die vorige gedeelte reken nie, maar wat eerder 'n afkeurende oordeel oor sulke mense nahou.

Wie presies het Paulus in die oog? Sy aanspreking is algemeen: „Jy, o mens . . ." Daar kom egter iets by: „Jy, o mens **wat oordeel'..** Jy, **oordelende** mens."

Paulus bedoel dus besonderlik diegene wat 'n afkeurende oordeel uitspreek oor ander, veral die wat in hoofstuk 1 : 18-32 genoem is. Die gemeente te Rome, wat bestaan het uit christene sowel uit die Jodendom as uit die heidendom, moes dus hierdie woorde elkeen self op die lewe van toepassing maak. Paulus weet dat baie met hom saamstem in sy oordeel oor die goddeloosheid. Die groot gevaar is egter dat hulle deur hierdie oordeel kan kom tot selfregverdiging. Die gevaar van Farisseïsme dus!

### OORDEEL

Dit is so maklik om 'n oordeel oor 'n ander uit te spreek. Inderdaad vandag ook nog nie 'n denkbeeldige gevaar nie. Veroordeling van 'n ander . . . kwaadstokery, agterklap, skinder; benewens soveel ander beskaafder vorme van veroordeling!

Maar kyk, dit is nou die mens, die dwaas, wat in die veroordeling van 'n ander **homself** veroordeel. Paulus se woorde sny soos 'n vlymskerp swaard deur my siel, my hele lewe! „Waarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; **want waarin jy 'n ander oordeel, oordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge."**

Let op die laaste woorde. **Om 'n oordeel oor iemand anders uit te spreek, is die bewys van 'n ontstellende tekort aan selfkennis.**

Ek ken myself, met al my swakhede, gebreke, sonde, nie. Ek weier om te buig voor Gods Woord: Bekeer jou; wees nederig van hart en verslae van gees; ag jou medemens hoër as jouself; breek met die fariseïtiese houding van selfgeregtigheid; wit gepleisterde grafstene, maar van binne vol doodsbeendere.

Die eis aan elkeen is dit: Ek moet myself eers sien in die lig van Gods Woord. En wat sien ek? Gods oordeel rus op my. Hierdie gedagte moet ons beangs maak, ons hart ineen laat krimp. En Gods oordeel is **na waarheid** (vs. 2), en **regverdig** (vs. 5). Wie sal die toornende oordeel van die Almagtige ooit kan ontvlug? Nóg die berge nóg die heuwels sal ons tot 'n bedekking kan wees voor sy aangesig.

### BEDEKKING

Maar tog; Daar **is** 'n bedekking vir my! Golgotha! Die bloed van die Lam! Jesus Christus, my Verlosser en Saligmaker! Die oordeel van God, na waarheid en regverdig, is oor Hom uitgestort—vir my, deur 'n ware geloof in Hom, tot vrymaking, kwytskelding van die oordeel.

En nou? Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het. Ek dank God deur Christus Jesus!

En nou sien ek my medemens anders: saam lê ons in die sonde; saam word ons opgewek deur Christus om te volhard in goeie werke, soekende heerlikheid, eer en onverganklikheid, en ontvangende die ewige lewe, heerlikheid, eer en vrede. Maar die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam is, ontvang die **regverdige oordeel van God**—nie my verwronge en verdraaide veroordeling nie.

● Veroordeel u ander mense? Onthou, God sal oordeel, die lewende en die dode.

J. A. V. VAN DER SCHYFF.

# SPYKERTJIES

Baie ellende kom voort uit die feit dat mense nie alleen kan wees nie.—LA BRUYÈRE.

* * *

Vir die meeste mense is ervaring soos 'n lamp aan die agterstewe van 'n skip. Dit verlig net die pad wat reeds afgelê is—COLERIDGE.

* * *

Baie mense verbeel hulle dat hulle ervaring het bloot omdat hulle oud geword het.—STANISLAUS.

* * *

Geld is soos 'n see waarin baie skepe, karakter en eer na die bodem gesink het.—PETÖFI.

* * *

Die sorge wat 'n groot vermoë meebring, is 'n ware plaag.—IUVENALIS.

* * *

Die groot lofredenaars oor die eensaamheid woon in die groot stede.—OTTO WEISS.


**Onthou 3091**

Skakel hierdie nommer vir **diens!**

**DIE BULT APTEEK**

TOMSTRAAT 86

Ons spesialiseer in:

- ★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate
- ★ Egte Franse DANA PARFUUM, en
- ★ Aptekersbenodigdhede

ONDERSTEUN OUD-PUKKE

**FLEURETTE**

SPESIALE WAARDE VIR STUDENTE

Mooi *RUIKERS* en *BLOMME* veral *ROOI ANGELIERE* vir *VERLIEFDES*

**Wes-Transvaalse SPORT-WINKEL**

KERKSTRAAT 85

ENIGSTE VERSKAFFER VAN

**OFFISIËLE KLEURE**

**HEIDEMA**

DIE ADRES VIR:

FIETSE
TIKMASJIENE
BROMFIETSE

Kerkstraat 48 — Telefoon 364
POTCHEFSTROOM

*Studente!*

Besigheid of FLIEK in die dorp STOOR JULLE FIETSE TEEN 2½c PER DAG EN KOOP SNOEPERYE BY

**Annellas Restaurant**

Kerkstraat 85 — Potchefstroom

**DIE BULT DROOGSKOONMAKERS**

(EDMS.) BPK.

Vir Vinnige en Deeglike Diens

Tomstraat 90 — Telefoon 2237

# Hans van Zyl sê Dankie Aan Pukke

INTERVARSITY WORD NIE deur een persoon alleen gehou nie. Nog minder deur 'n dirigent alleen.

Daarom wil ek deur middel van Die Wapad ALLE Pukke hartlik bedank vir die aandeel wat elkeen daaraan gehad het om 26 Augustus 1961 'n onvergeetlike sukses te maak. Die geesdrif van die Pukke op die pawiljoen was absoluut uitstaande.

Nog nooit tevore in my lewe het ek so onwaardig gevoel om applous te ontvang, maar ook het ek nog nooit so 'n erg aangename tyd belewe nie. Duisende dankies, Pukke, ek sal dit altyd onthou.

**BESONDER**

Graag wil ek die volgende persone in besonder te bedank:

- Mnr. Frik van Deventer vir die wyse waarop hy die fort gehou het toe U.O.V.S. gedink het dat die gees op die Puk gedemp is. Ook vir Saterdag op die pawiljoen baie dankie.
- De Wet en Kotie en al die ander manne en vroue wat probeer het om my uit U.O.V.S. se kake te ruk.
- Thys Louw, Ina Venter en hulle helpers/helpsters vir die opmaak van die pawiljoen.
- Dewald Roode vir sy moeite met die maak van die manel op die laaste nippertjie.
- Zuna Vosloo vir die maak van die roset.
- Sarie Fourie en die ander dames wat my keel gedokter het.
- Christina en Albertha vir hulle deelname aan die sjampanje-drinkaksie.
- Jan Boneschans en sy wagte vir die rukkie wat hulle my goed bewaak het.
- Piet Steinberg en Das Herbst vir die periodes wat ek hulle kamermaat was.
- Ettiene Stassen vir sy chauffeurskap.
- Al die Pukke wat verantwoordelik was vir die warm ontvangs Vrydagmiddag in die Studentesaal.
- Almal wat ek vergeet het om te bedank. Almal, almal, almal; dankie, dankie, dankie!

Hiermee neem ek afskeid van „groot" dirigeer. Ek groet u almal met 'n stewige handdruk. Dit is nie maklik om afskeid te neem nie. Hou aan soos vanjaar, Pukke! Puk bo!

HANS VAN ZYL.

# NAVY DELF ONDERSPIT

**Die Puk se tweede span het verlede Saterdag 'n neerlaag van 10-6 teen Dorp op die lyf geloop.**

Die Pukke was eintlik baie ongelukkig om te verloor aangesien hulle deurentyd gevaarlik was. Die rede vir die neerlaag moet egter toegeskryf word aan die feit dat die agterlyn baie van hulle kanse verbrou het.

**HOOGTEPUNTE**

Die wedstryd het pragtige hoogtepunte opgelewer en dit kan veral toegeskryf word aan die feit dat Piet Steynberg, volgende jaar se voetbalkaptein, as skeidsregter opgetree het en die spel op 'n baie bekwame wyse opgepmaak het.

Vir die Pukke het veral Piet van der Schyff met briljante spel voor die dag gekom. Hy het dan ook die Pukke se enigste drie aangeteken. Schalk Hoogenboezem het die ander drie punte bygevoeg in die vorm van 'n strafskop.

# Frik Bedank Pukke

*Saterdag, 26 Augustus, sal is 'n besondere dag in die geskiedenis van die Puk bekend staan. Die Puk het as bobaas van die sportvelde afgestap en Ukovs het beteuterd agterna gekruip.*

*Nie slegs op die sportvelde het die stryd gewoed nie maar ook op die pawiljoen. Om voor 'n massa te staan wat nie saam lewe en saam sing nie, is net so goed om die Kovsies te leer wat die reëls van dirigentskaak is — dit is gedoem tot mislukking.*

*Om egter voor 'n massa te staan wat saamsing of hulle lewe daarvan afhang, is soos die gevoel wat 'n mens kry as jy water in die Kalahari ontdek.*

*Dit was my voorreg om daardie Saterdag voor so 'n massa te staan. Geen wonder die Kovsies het dit beter geag om liewer te luister nie, of so nie het hulle so gesing dat ek nie daarvan weet nie.*

*Pukke, vir julle ondersteuning op die pawiljoen my opregte dank — dit was wonderlik. Vir julle opkoms na die sing-songs, volgepakte saal aand na aand, selfs toe Hans geskaak was — dankie Pukke, dit was 'n riem onder die hart.*

*Jaar vir jaar wen ons nou al die stryd op die pawiljoen. Laat ons nie verslap nie!*

*Met Puk-groete,*

*—Frik van Deventer*

# Unieke Kursus Op Potchefstroom

**'n Kursus in atletiekafrigting — die eerste van sy soort in Potchefstroom — vind vanaf 25 tot 29 September aan die P.U. vir C.H.O. plaas. Die kursus vind plaas onder beskerming van die Wes-Transvaalse Atletiekvereniging.**

Die doel van die kursus is om die modernste metodes van atletiek afrigting aan onderwysers en ander belangstellendes aan te bied sodat hulle dit in wyer kringe, veral in skole, kan uitdra.

**PROGRAM**

Die program sal bestaan uit lesings, praktiese werk en filmvertonings.

Die meeste lesings sal gelewer word deur prof. D. P. J. Smith, president van die W.T.A.A.A. en een van die grootste kenners van atletiek in die land. Hy sal bygestaan word deur mnre. J. S. K. Bosman, W. J. Putter en A. P. Bird.

★ Na verwagting sal sowat 80 mense die kursus bywoon. Inskrywings moet voor 15 September by prof. Smith gedoen word.

Die fortuin klop, maar die dwase maak nie oop nie. — SPREEKWOORD.

* * *

Een van die sterkste steunpilare van die moraal is gevaar.—WEISS.

* * *

'n Mens verag nie almal wat ondeugde besit nie, maar wel dié wat geen enkele deug besit nie.— LA ROCHEFOUCAULD.

# *Warm uit die oond op die Campus*

DIE CAMPUS-OOND is deksels warm op hierdie oomblik. Omtrent net so warm soos die heerlike lentedae wat ons nou beleef.

Op die Campus is daar hope verwikkelinge, want intervarsity is gewen, daar is verkiesings gehou, en boonop alles is die eerstejaardames onder kwarantyn geplaas.

**KALKOENPLAAS**

Wat hulle betref was die sleperasies oor verlede naweek omtrent so stil soos op 'n kalkoenplaas, die dag na kersfees.

Dit laat 'n mens amper dink aan die toestand in Berlyn, want daar word gewaak en bewaak sodat geen kontak of kommunikasie kan plaasvind nie.

Daar kan maar slegs gestaar word sonder dat gedagtes gewissel word. Telefoondrade word geknip, pos word gesensor en voordeure word met 'n radar-netwerk bewaak.

**SPIOENASIE**

Spioenasie-eenhede verrig ook hul taak oor die hele campus en sorg dat alle verbode samesyn onder die aandag van die gemagtige outoriteite kom.

So belewe ons studentegemeenskap dan weer 'n jarelange tradisie waarvan die oorsprong seker al so oud is dat dit saamval met die stigting van Burgersdorp.

Dit is 'n tradisie wat reeds sy bestaansreg bewys het, deurdat hy soveel voordele het en soveel goeie opbouende werk doen.

**STEM NIE SAAM**

Ek is egter seker dat almal nie met my sal saamstem nie. Ek weet dat party van die ou bokke wat so lief is vir die groen blare liewer hierdie tradisie saam met Titov op pad maan toe sou wou sien.

Persone wat seker as gevolg van hierdie tradisie so kwaad is dat hulle koerante kou en confetti sal sweet is talryk, want die wag om weer te kan sleep voel naderhand so lank soos die kuier van 'n skoonma.

Daar is o.a. **Jan Ackerman** wat nou nog heftig ontken dat hy gekys is met **Rita Schutte.** As 'n mens egter sien hoe sy gestel in die laaste tyd agteruit gegaan het, moet 'n mens sy ontkennings in twyfel trek.

**LENTEKYS**

Iemand wat dit darem nie so smaar getref het nie is **Kerneels van der Walt.** Hy en **Barbara Geertsema** word nogal dikwels saam gesien.

**Albert Viljoen** se „case" is ook nie te sleg nie, want **Albertha Howell** is nie 'n eerstejaar nie. Geluk met die lentekys.

**SHAKESPEARE**

Ou **Shakespeare** was ook jare gelede op die Puk gewees om Engels te swot. Ongelukkig vir hom het hy met 'n eerstejaar gekys geraak en toe skryf hy die volgende:

● „Crabbed age and youth
Cannot live together;
Youth is full of pleasance.
Age is full of cares."

ONZE OOM LOKOMOTIEF.

# Dr. Andrew Oorsee

Dr. R. V. Andrew, senior lektor in Engels, het 'n aanstelling as professor in Opvoedkunde aan die Universiteit van Australië, Sydney, aanvaar en verlaat die Potchefstroomse Universiteit aan die einde van hierdie jaar.

**Vir daardie hol gevoel op die maag . . .**
Ons bak die
HEERLIKSTE
**Vleispasteitjies**
Turkstra
BAKKERY BAKERY
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 61 Potchefstroom

**LE ROUX ATELJEE**
*vir al u*
FOTO'S EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
asook
ELEKTRIESE WARE — SKRYFBEHOEFTES — RADIO'S
Besoek ons Ateljee te
Von Wiellighstraat 33 Telefoon 2217

**Lepisma Saccharinum Es?**
**Is u 'n Boekwurm? . . .**
KOM KRY U VOEDSEL DAN BY ONS —
**Pro Rege-Pers Beperk**
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
KERKSTRAAT 91-95 TEL. 1164 en 497
BORCHERDSTRAAT TELEFOON 3431
POTCHEFSTROOM

*Cachet Modes*
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
**Rokmateriaal --**
**veral roklengtes**
**NOMOTTA-WOL**
**in voorraad**

# Pukke Verloor Lustelose Wedstryd

DIE PUKKE HET SATERDAG in 'n wedstryd wat min hoogtepune opgelewer het die onderspit gedelf met 9—11 teen Dorp.

Die Pukke het met min oorleg gespeel en veral hul agterspelers verwaarloos. Die bal het die agterlyn stadig bereik en bowendien het onnodige skoppe agter die skrum die agterlyn se kanse om te hardloop in die kiem gesmoor.

Dorp se stel voorspelers het 'n onmiskenbare gewigsvoordeel geniet, maar dis 'n bekende feit dat hulle agterlyn nie veel slaankrag openbaar nie.

### OP SKINKBORD

Deur die bal van hulle eie driekwarte weg te hou, het die Pukke dan ook die wedstryd as't ware aan Dorp op 'n skinkbord aangebied.

Ten spyte van Johan Claassen se aanwesigheid het die Pukke 'n voordeel in die lynstane gehad, hoewel Dorp die bal meer uit die skrums gehaal het.

Claassen het die Pukke as't ware man alleen verslaan deur al sy span se punte aan te teken.

### PUNTE

Nadat hy met etlike strafskoppe pale toe gemik het, het hy kort voor rustyd oor gebars vir 'n drie wat hyself vervyf het.

Voor rustyd het Jan van der Schyff met twee strafskoppe geslaag sodat die Pukke met rustyd met een punt voorgeloop het.

Na die hervatting het Poens Prinsloo 'n mooi drie gedruk wat deur Smous van der Westhuizen aangevoer is. Jan van der Schyff kon nie vervyf nie.

Claassen het hierna met nog twee strafskoppe seker gemaak dat die rooi truie as oorwinnaars van die veld stap.



Jan van der Schyff.

### REGSTELLING

**Ongelukkig het daar 'n fout ingesluip in die numering van die vorige twee uitgawes van Die Wapad.**

**Die uitgawe van 25 Augustus moet wees nr. 9 en die intervarsity-uitgawe van 26 Augustus moet wees nr. 10.**

**Die redaksie vra om verskoning vir hierdie fout.—(Red.)**


**W. LINDEQUE**

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM !

KERKSTRAAT 64 TELEFOON 1280


Ook 'n tak binne u bereik, in

**Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste**

SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE



Sterkte!



Lion Export Ale

VZ006124/2


## Vier Gimnaste Presteer

*Vier Pukke wat verlede Saterdag aan die Noord-Transvaalse gimnastiekkampioenskappe in Pretoria deelgeneem het, is gekies om op 7 Oktober aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deel te* ***neem.***

*Hulle is: Winnie Bekker (tweede graad), wat verlede jaar kampioene in die derde graad was, Gerda Bester (tweede graad), Marl Rautenbach (derde graad) en Jakes van Niekerk (tweede graad).*

*Addie de Jager van P.O.K. is 'n verdere Potchefstromer wat aan die tweede graad vir dames sal deelneem.*

# Piet Steinberg Pukke se Voetbalkaptein

EEN VAN DIE GROOTSTE verrassings van die pas-afgelope verkiesings was seker die verkiesing van Piet Steinberg as kaptein van die rugbyklub. Dat dit egter nie 'n onaangename verrassing was nie, blyk uit die feit dat Piet onbestrede verkies is tot hierdie eervolle posisie in die studentelewe.

Dat Piet Steinberg hierdie groot eer verdien, kan nie vir 'n oomblik betwyfel word nie. Vanaf 1956 is hy 'n gereelde lid van die Puk se eerstespan en in 1960 het hy as onderkaptein die Pukke op die veld gelei toe Toy Dannhauser weens 'n besering uit aksie gestel is.

### KLEURE

Piet het ook reeds sy provinsiale kleure verwerf en was lid van die Noordelike Universiteite-span teen die 1960 All Blacks. Vanjaar kon hy egter nie rugby speel nie weens 'n ernstige operasie, die gevolg van 'n besering uit sy jong dae, dog die herstel was sodanig dat hy vanaf die begin van die tweede semester as breier van die O/19's kon optree.



**Carl Grundlingh, die Pukke se onderkaptein.**

Sommer dadelik het Piet se afrigtingswerk 'n stempel op hierdie jong mannetjies nagelaat, wat miskien die duidelikste getoon is deur die puik vertoning van die B-span met intervarsity.

### ANDER KRINGE

Piet Steinberg is nie alleen 'n goeie rugbyspeler nie, maar het ook al sy merk gemaak as toneelspeler en lid van toergeselskappe. Hy besit ook 'n goeie sangstem en tree dikwels op as voorsinger van die Pukke. As verteenwoordiger van die S.S.B. op die Studenteraad kan alle sportmanne en -vroue verseker dat hulle belange ook daar in goeie hande is.

### HANS VAN ZYL

Mnr. Hans van Zyl van die administriewe personeel, is gekies as ondervoorsitter van die P.U.-rugbyklub in die plek van prof. I. van H. Fourie, wat tot voorsitter verkies is. Mnr Jannie Schutte was nie weer vir die pos beskikbaar nie.

Mnr. Schutte het die stemgeregtigdes asook die bestuur gelukgewens met die keuse van mnr. Van Zyl. Hans, soos hy nog onder die studente bekend is, het reeds vir hom naam gemaak as organiseerder by uitstek, iemand in wie se hande die moeilikste taak maklik word.

As rugbyspeler en kaptein van een van die laer spanne het Hans 'n huishoudelike instelling op die Puk geword en sy geesdrif vir die spel werk aansteeklik op sy medespelers. Dat hy ook van hierdie nuwe taak 'n sukses sal maak, kan nie betwyfel word nie.

# Pukke Delf Onderspit teen Klerksdorp

IN 'N WEDSTRYD WAARIN duidelik getoon is hoe 'n mens nie rugby behoort te speel nie, het Klerksdorp daarin geslaag om die Pukke voorverlede Saterdag met 8—0 te klop.

Van agterlynspel was daar nie sprake nie terwyl dit voor meer 'n gestoei was as iets anders. Ook was daar te veel onnodig ruwe spel en moes die wedstryd dikwels gestaak word weens beserings.

Hoewel die Pukke lusteloos voorgekom het na die vorige twee Saterdae se mooi spel, moet die rede vir die mislukking van die wedstryd as skouspel ongetwyfeld gesoek word in die wen-ten-alle-koste-motief van die besoekers.

Nadat Carel Grundlingh die veld vroeg in die eerste helfte met ligte harsingskudding moes verlaat, het Klerksdorp meer as hul deel van die bal te sien gekry. Dog slegs by twee geleenthede het hulle die bal langs die agterlyn laat loop en die res van die wedstryd het Brink en De Necker, die skakelpaar gereeld voet ingelê.

### REUSE STRYD

Die Puk-voorspelers het, sonder Koos du Plooy, wat op senter moes gaan diens doen, 'n reusestryd teen die oormag gevoer en daar nie bedroë van afgekom nie.

Dog die bal het stadig aan die kant van die Puk uitgekom en die vlakstaande agterlyn van Klerksdorp het verder seker gemaak dat die Pukke nie gevaarlik kon raak nie. 'n Paar keer het die studente wel met die bal gehardloop en dan moes Klerksdorp net hul keer ken.

## PUKKE TEEN POTE

*In die laaste belangrike botsing van die jaar speel die Pukke Saterdag op Olënpark teen die Pote. Dit is die tweede botsing tussen die spanne en beloof om 'n leeuestryd te wees. Die Pukke het die eerste rondte gewen deur die Pote met 19-0 kaf te draf.*

*Die hoofwedstryd tussen die eerstespanne wat om 4.00 nm. sou afspeel, is op versoek van die Wes-Transvaalse Rugby-unie vervroeg na 2.45 nm. en dien nou as voorwedstryd vir die semi-finaal van die Blaine-beker.*

## Fires Klop Dorp

**Die Puk se derde span was die enigste span wat verlede Saterdag die mas kon opkom teen Dorp. Fires het gewen met 8-5 in 'n wedstryd waarin ruwe spel aan die orde van die dag was.**

Die Pukke se voorspelers verdien lof vir die wyse waarop hulle daarin kon slaag om die swaar agttal van Dorp te tem.

Die oorwinning is egter te danke aan die feit dat die agterlyn hulle kanse uitstekend benut het.

Herman Steyn, wat deurentyd gevaarlik was het Fires se eerste drie aangeteken terwyl Andries Coetzer gesorg het vir die tweede drie wat deur Dries Redelinghuys vervyf is.

## Skeie Klap en Pukke... Vaar Goed

Die jukskeilaer het die seisien op Woensdag, 30 Augustus met klinkende oorwinnings oor P.O.K. begin.

Die mans A het met 9½—5½ gewen, maar hierdie oorwinnings kon baie hoër gewees het. Dit was die eerste wedstryd van die seisoen en al die spelers was nog baie onfiks.

Die Pukke het nooit goed saamgetrek nie, waar veral Faan Oosthuizen erg teleurgestel het. Kobus Meintjies was die enigste Puk wat bestendig was.

### TE STERK

Die Mans B was geheel en al te sterk vir P.O.K. B, maar gebrek aan afronding het hulle baie punte gekos. Die telling van 10½—4½ in die guns van die Puk kan baie anders gelyk het.

Die dames het beter spel gelewer en 'n verdienstelike oorwinning van 10½—4½ behaal.

Die Pukke sien uit na die seisoen waarin verskeie vriendskaplike wedstryde reeds gereël is. Ook sal daar vanjaar vir die eerste keer aan 'n plaaslike liga deelgeneem kan word. Veral die mans behoort baie goed van hulle rekenskap te gee.

Gedruk deur Enslins, Potchefstroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.


**Dames!**

**PROTEA APTEEK**

*Spesialiseer in SKOONHEIDSMIDDELS:*

★ HELENA RUBENSTEIN

★ Dr. PAYOT

KERKSTRAAT 86